# Aai-klank leeskaart

## Fraai Kraai Wat so Lawaai

deur Héleen Fourie



Fraai Kraai woon by Mosselbaai
waar haai so draai naby die baai.

Fraai Kraai is 'n pragtige kobalt
blou maar hy het een groot fout.

Fraai Kraai loop heeldag en kwaai
lawaai. Hy hou almal aan die raai.
Waarom moet hy tog so lawaai?
Nee asseblief tog kraai, jy kan maar omdraai en op 'n ander plek gaan lawaai.

Hooggevlieg en laaggeswaai hy vlieg nog 'n draai. "Ek hou nie van slaai, braai laat my maag draai, toffies is te taai., dit is ver vlieg tot by die lande waar boer saai."

Nou weet ek waarom maak Fraai Kraai so 'n bohaai. Hy sukkel om iets te kry om te eet, en wie weet wat sy smaak pas? Kom Fraai Kraai, ek het vir jou iets in my laai, saad wat my pa op ons plaas maai. "Nee dankie," sê Fraai Kraai.

Aai Kraai, Vir so 'n kieskeurige eter het ek nie 'n dag se geduld. Jou kieskeurigheid is niemand se skuld. Ek hou maar my neus uit sy slaai, sit stilletjies hier op my swaai en waai soos Kraai lawaaiend verby vlieg met 'n draai.

©Maroela Akademie